

## Teks vooraf:

Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water. (Hebreërs 10:19vv AFR1953)

## Sing vooraf: Skrifberyming 9-1:6 (26:6)

6 Gedenk die sabbat: in ses dae / het God die wêreld toeberei;  
maar Hy het, na sy welbehae / die rusdag aan sy diens gewy.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 92:1 (p. 466)

1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?  
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?  
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?

## Gebed.

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

## Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

## Psalm 139:12 (p. 676)

12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;  
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.  
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van ewe vrede.

Skriflesing: Numeri 15. (Lees Numeri 15:32-41)

Teks: Numeri 15:39

**En dit sal julle as klossies dien: as julle dit sien, moet julle aan al die gebooe van die HERE dink, dat julle dit doen en nie jul hart en jul oë navolg waar julle agter aan hoereer nie, (Numeri 15:39 AFR1953)**

Daar is nie regtig 'n mens wat besef hoe ernstig die Here voel oor die heiliging van die rusdag nie. Dis die een dag wat Hy afsonder, sodat ons Hom op daardie dag kan aanbid, sonder dat daar ander dinge is wat ons daarvan weerhou.

- Ons leef in die Nuwe-Testamentiese tyd so onder die indruk van die genade van die Here dat ons soms al 'n bietjie afgestomp het teenoor die eise wat God ook aan ons stel.
- Kom ons toets daarom vandag net ons manier van Sondag vier aan die gedeelte wat ons saam gelees het.

Waarom het die HERE in elk geval een dag van die week afgesonder en geheilig as 'n dag van aanbidding?

- Ons lees in Genesis dat die Here op hierdie dag niks geskape het nie, en dat Hy Hom op daardie dag verlustig het in sy werk.
- Ons word ook geleer dat dit die rede is waarom God toe die dag afgesonder het as 'n dag waarop geen werk gedoen mag word nie – soos wat Hy gedoen het.
- Ons weet dat dit verder 'n dag is waarop ons al ons aandag moet wy daaraan om Hom te verheerlik – wat ons in beginsel ook by die Here kry op die eerste Sabbat.

Die eerste Sabbat was die dag wat God gerus het van sy skeppingswerk en gaan kyk het na sy volmaakte skepping en Hom ook daarin verlustig het.

- Daar was 'n heerlike en volmaakte verhouding tussen die mens en sy Skepper.
- Hierdie eerste Sabbat was dus die werklikheid van dit waarna ons nou uitsien as die volmaakte hiernamaals – die koninkryk van God.

Daarna volg die sondeval – nou is daardie sabbat die simbool van die volmaakte wat weggeneem is. Maar die Here het ook weer die belofte(s) op verlossing gegee.

- Die eerste belofte was dat daar uit die mensgeslag 'n Verlosser gebore sou word wat die slang se kop gaan vermorsel.
- Ons weet dat hierdie Verlosser gebore is op ons aarde. Ons herdenk die dag as Kersfees (ons weet egter nie werklik op watter dag die Here regtig gebore is nie!).
- Nog so 'n beloftegeleentheid is ongetwyfeld die verbond wat God met Abraham opgerig het.
  - Die verbond met Abraham het nie maar sommer net gekom en gegaan nie.
  - Dit het die hele lewe van Abraham en sy nasate beïnvloed op elke terrein, ook op die gebied van hulle Sabbatsviering.

Die Sabbat het nou ook 'n verbondsbetekenis gekry, met ander woorde nie net dat dit 'n rusdag en 'n dag van aanbidding is nie, maar ook 'n dag wat die volk van die Here daaraan herinner dat hulle die ewige rus sal ingaan deur God se toedoen.

- Hierdie volk van God word deur Homself verlos van die duiwel.
- Maar ook het dit hulle herinner aan God se uitverkiesing:
  - Hulle is 'n uitverkore volk – God het hulle gekies om te verlos uit al die volke wat daar destyds was!
  - Die Here Jesus wat hierdie verlossingsverbond vervul het, het die aand voor die kruisiging in sy gebed verklaar dat hulle almal gered is:  
**Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word.**  
 (Johannes 17:12 AFR1953)
  - Die Sabbat het dus ook die verlossing van die Here afgebeeld.

In die gelese gedeelte vang die volk 'n man wat op die Sabbat brandhout bymekaar maak.

- Eers probeer die volk en Moses en Aäron 'n taamlik bemiddelende houding inslaan – hulle gooi die man in die tronk.
- Maar die HERE voel baie ernstiger oor die saak.
  - Skending van die Sabbat kan nie net met tronkstraf afgemaak word nie.
  - Daarom praat die HERE met Moses, en beveel hom om die man te stenig.
  - *Die HERE sê die man moet sekerlik doodgemaak word.*

Die hele volk het toe die man uitgesleep en buitekant die laer met klippe doodgegooi.

- Die wet het bepaal dat die mense wat ooggetuies van die sonde was, en dié wat sonder sonde in dié opsig was, die eerste klippe moes gooi.

- So het dit toe gebeur.

Maar die Here is nie 'n God van dooies en van die verlede nie. Hy is 'n God van die toekoms.

- Die mense wat vandag gehelp het om die sondaar met klippe dood te gooi, mag oor 'n paar dae dieselfde sonde doen!
- Daarvoor moet die Here voorsiening maak.

Daarom moet die volk klossies maak, en dit aan die hoeke van hulle klere vasbind.

- Elke keer wanneer hulle die klossies sien, moet dit hulle daaraan herinner dat die HERE alomteenwoordig is en dat hulle sy wette moet gehoorsaam.
- Dit hou nie net by een geslag op nie – hulle moet dit aanhou doen sodat die nageslag ook sommer daaraan herinner kan word dat hulle voorouers so ongehoorsaam was dat die HERE sommiges van hulle met die dood moes straf oor hulle sondes.
- Daarom moes almal wat daarna gekom het, hierdie klossies dra om hulle te laat beseef die HERE is steeds daar en Hy moet gehoorsaam word.

Die eienaardige is dat die HERE hier aansluit by 'n gewoonte wat normaalweg onder die heidene in gebruik was, naamlik om amulette te dra.

- Die amulette het gewoonlik die doel gedoen dat hulle bese of siektes of dergelike dinge moes afweer.
- Vir die gelowiges het dit presies die teenoorgestelde betekenis: Dit moet hulle aan die teenwoordigheid van God herinner.

Daar moes 'n perskleurige draadje in hierdie kwassie gewees het.

- Niemand weet wat die doel daarvan was nie.
- Daar is 'n buitebybelse oorlewering dat hulle geweet het wanneer die dag verby was as die kleur van die draadje nie meer van die res van die klossies onderskei kon word nie. Dit is egter slegs vir interessantheid, want ons weet nie regtig wat die doel van die draadje was nie.

Die belangrike is hier bloot dat God sekere dinge van ons vra, wat ons net moet gehoorsaam.

- Hy gee dinge om ons daaraan te herinner.
- In hierdie geval moes klossies of kwassies die mense daaraan herinner dat die Sabbatsgebod geheilig moet word anders tree die Here met die doodstraf in.
- Hy sien ons ongehoorsaamheid altyd in 'n baie skerp lig.

Ons kan redeneer dat hierdie dinge in die Ou-Testamentiese bedeling gebeur het toe die HERE nog met skaduagtige dinge soos klossies en offers en sulke dinge gewerk het omdat die mense nog onder die werkverbond was.

- Dit is waar, maar ons moet net onthou dat die genadeverbond in Jesus Christus nie die werkverbond vernietig het nie.
- Dit het dit net vervul in Christus.

Daarom eis die Here nog steeds van ons gehoorsaamheid.

- Ons vryheid in Christus beteken bloot dat Hy God se straf vir ons gedra het sodat ons vry is van verdelging.
- Ons is nog altyd verplig tot gehoorsaamheid.

Daar is 'n gedeelte in die Nuwe Testament wat spesifiek oor hierdie selfde saak handel. Ons lees dit saam: Hebreërs 10:19-29.

Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water. Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloop het, is getrou; en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom. Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaak het. (Hebreërs 10:19-29 AFR1953)

As ons dink dat ons vry is van die dwang en simboliek van die Ou Testament en dat ons met ons vryheid in Christus sonde kan doen, dan is dit baie belangrik dat ons net besef wat daar in vers 29 staan:

**... hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaak het?** (Hebreërs 10:29 AFR1953)

Die ou mense het die wet verwerp as hulle gesondig het – en daarvoor het hulle al die doodstraf gekry.

- Ons in die Nuwe Testament vertrap die bloed van die Here Jesus Christus as ons sonde doen.
- Dit is waarna vers 26 ook verwys as dit sê:

**Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,**  
(Hebreërs 10:26 AFR1953)

As ons dit doen, dan het ons net die verwagting van die hel (v. 27).

**... maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.** (Hebreërs 10:27 AFR1953)

Die gedeelte voer spontaan die Heilige Gees ook in, want hoe ontvang ons kennis van die waarheid anders as deur die werk van God die Heilige Gees?

- Om dus die Here kwaad te maak met ongehoorsaamheid in die tyd waarin ons lewe, is om teen die Drie-Enige God te sondig.
- Ons dra nie meer klossies nie, want God is nou self deur die Heilige Gees hier.

Ons leef ook nie meer onder die belofte van 'n verlossing wat sal kom, soos die Jode van Numeri 15 nie.

- Dit was waarom hulle die Sabbat aan die einde van die week gevier het. Hulle moes eers werk en lewe, en dan word hulle aan die einde verlos.
- Ons vier Sondag op die eerste dag van die week om ons te herinner dat ons klaar die verlossing besit, maar dat ons die orige tyd op die aarde in die lig van hierdie genade en verlossing moet werk en stry.

Dis presies waarom ons Christene regoor die wêreld die geboorte van die Here Jesus vier.

- Ons het dus inderdaad baie meer as die mense van die Ou Testament.

- As hulle moes onthou dat die Here alomteenwoordig is, sodat hulle die Here moes dien, dan soveel te meer ons.
- Hulle het nie die genade gehad wat hulle in die sagtheid van God se liefde daaraan herinner het om te luister na die Here nie. Ons het.

Laat ons dan luister, en doen wat daar in Hebreërs staan:

**Vers 22: laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid . . .**

**Vers 23: Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou . . .**

En let veral op vers 39:

**Maar by ons is daar geen onttrekking tot die verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.**

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.  
 Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,  
 my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,  
 my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
 Gereformeerde Kerk Bellville  
 Datum: 6 Desember 2009 – Kerspreek